NG KERK SINODE WES-TRANSVAAL

Posbus 32034, Totiusdal, 0134

25 November 2010

OMSENDBRIEF AAN DIE SAAKGELASTIGDES EN SKRIBAS VAN DIE SINODES

Geagte Kollega

RIGLYNE VIR DIE VERGOEDINGSPAKKET VIR LERAARS 2011/2012

Kortliks

- ⇨ Salarisverhoging/Traktement (topkerf) = 4,0%
- ⇨ Vervoertoelae (18 000 km/jaar) = R77 400 - onveranderd.
- ⇨ Die Sinodes gee die riglyn. Onderhandelinge tussen die Kerkraad en leraar moet redelik en regverdig wees. Afwykings (hoër of laer) met kennisgewing aan Ringsfondse.
- ⇨ Onder normale omstandighede behoort 'n leraar, wat na 2004 in 'n gemeente bevestig is, in die agtste (8) diensjaar volgens die topkerf vergoed te word.
- ⇨ Implementeringsdatum = 1 Maart 2011.

1. **BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE SE TAAKSPAN FONDSE**

1.1. Die besluite van die Algemene Sinode se Taakspan Fondse, word as riglyne onder die aandag van die Sinodes gebring. Elke Sinode handel met hierdie riglyne, volgens hulle eie besluite.

1.2 Hierdie riglyne ten opsigte van die koste vir die werkgewer, vorm die basis vir die onderhandeling tussen werkgewer en werknemer. Plaaslike omstandighede en die finansiële vermoë van die gemeente moet ook in ag geneem word. Onderhandelinge geskied in ooreenstemming met die voorskrifte van die Kerkorde.

2. **VERGOEDINGSPAKKET**

2.1 Die Algemene Sinode se Taakspan Fondse doen jaarliks navorsing oor die ekonomiese gegewens, marktendense, asook finansiële gegewens en vermoë van al die gemeentes in die NG Kerk. Aanbevelings van personeelkonsultante word ook in ag geneem. Op grond hiervan word 'n persentasie verhoging as riglyn aan die Sinodes aanbeveel, waarmee leraars se vergoedingspakket in terme van die "Totale Koste vir Indiensneming" (TKVI) aangepas kan word.

2.2 Vir die vorige boekjaar (2009/2010) was die gemiddelde verhoging in die gemeentes se inkomste slegs 2,3%. Die inflasiekoers is tans 3,2%. Hierdie feite was vir die Taakspan Fondse deurslaggewend in die besluit oor die aanbevelings.

3. **TOTALE KOSTE VIR INDIENSNEMING**

3.1 Die "Totale Koste vir Indiensneming" (TKVI) vir die werkgewer (dit wil sê, die totaal aan uitgawes van die pos vir die werkgewer) bestaan uit die volgende:

- o traktement
- o huistoelae / gratis huisvesting

- voertuig- en vervoertoelae
- werkgewerbydraes tot pensioen, groepversekering, medies, werkloosheidversekering en ongevalleversekering
- voorsiening / toelaes vir telefoon, water, elektrisiteit, tuin, ensovoorts.

3.2 Hierdie "Totale Koste vir Indiensneming" van leraars word in die lig van die Skrif beskou, met uitgangspunte soos onder andere verwoord in: **1 Korintiërs 9 vers 14**: *So het die Here ook bepaal dat dié wat die evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van die evangelie moet ontvang.*

4. VASSTELLING VAN DIE TRAKTEMENT

4.1 Topkerf

'n Verhoging in die traktement van **4,0%** op die topkerf word as realisties beskou. Die nuwe aanbevole kerf-verhogings word hieronder weergegee. Die traktementgedeelte van leraars, wat nog nie op die 8 ste kerf is nie, word met 'n hoër persentasie aangepas.

4.2 Skaal vir 2011/2012

4.2.1 Die skaal vir 2011/2012 (8 kerwe), is soos volg:

KERF	TRAKTEMENT 2010/2011	KERF	TRAKTEMENT 2011/2012	PER MAAND
1	R150 120	1	156 120	13 010
2	R157 800	2	164 160	13 680
3	R165 480	3	172 200	14 350
4	R173 520	4	180 600	15 050
5	R181 560	5	189 000	15 750
6	R190 920	6	198 720	16 560
7	R200 280	7	208 440	17 370
8	R217 080	8	225 600	18 800

4.2.2 Die maksimum traktement plus diensbonus: **R244 400** (vir pensioendoeleindes)

Nuwe skaal: **156 120 x 8 040 - 189 000 x 9 720 – 208 440 x 17 160 – 225 600**

4.2.3 Die implementeringsdatum is: **Vanaf die eerste dag van die nuwe kerklike boekjaar.**

4.2.4 Predikante wat sedert 2004/2005 bevestig is, bereik die topkerf na agt (8) diensjare. Predikante wat vroeër bevestig is, bereik die topkerf na meer jare, omdat hulle op 'n skaal met meer kerwe was, wat sedertdien aangepas is. Vanaf 2011/2012 is hierdie tydperk van infasering verby.

4.3 Onderhandelinge

4.3.1 Elke predikant se vergoeding word vasgestel en gefinaliseer deur sy/haar eie werkgewer (byvoorbeeld die Kerkraad), en nie deur die Algemene Sinode Taakspan Fondse of die Sinode nie. In hierdie onderhandelinge mag daar ook nie diskriminasie ten opsigte van geslag wees nie.

4.3.2 Dienskontrakte behoort slegs voorsiening te maak vir jaarlikse aanpassings, wat met inagneming van die Algemene Sinode Taakspan Fondse se riglyne onderhandel word.

4.3.3 Indien gemeentes slegs "volgens die sinodale skaal" vergoed, is die verwagting dat ’n leraar jaarliks volgens die volgende kerf vergoed word, totdat die topkerf bereik is.

4.3.4 Die finale vergoeding waarop elke Kerkraad en leraar(s) ooreenkom, moet ’n balans probeer vind tussen die finansiële vermoë van die Kerkraad, die verwagtinge en behoeftes van die leraar(s) en die diensooreenkoms tussen die leraar(s) en die Kerkraad.

4.3.5 In gevalle waar Kerkrade finansieel nie in staat is om die aanbevole verhoging te bekostig nie, is die kerwe die basis vir onderhandeling ooreenkomstig Kerkorde Artikel 12 en 13. Die veronderstelling is dat ’n **vermindering** in salaris, of geen verhoging vir ’n jaar, slegs oorweeg word as tydelike maatreël in krisisgevalle, en met inagneming van dienskontrakte en arbeidswetgewing. In so ’n geval moet met die ring geskakel word. In die meeste gevalle behoort Kerkrade soos in die verlede, die riglyne vir aanpassings onveranderd te oorweeg.

4.3.6 Indien daar ’n onbillike ooreenkoms of uitvoering van ’n ooreenkoms is, behoort die verteenwoordigers van die Ring daaroor met die Kerkraad in gesprek te tree.

4.4 **Bonus**

Afhangende van die bewoording van ’n bestaande diensooreenkoms tussen die predikant en die Kerkraad, word ’n **diensbonus**, naamlik ’n dertiende tjek aanbeveel. Die bedrag behoort 8,33% van die betrokke predikant se jaarlikse traktement (die bedrag van een maand), sonder enige ander toelaes en voordele, te wees.

5. VOERTUIG- EN VERVOERTOELAE

5.1 Die Algemene Sinode se Taakgroep Fondse handhaaf die volgende **beginselstandpunt:**

5.1.1 Die voertuig- en vervoertoelae word in twee komponente verdeel, naamlik:

Een: Die **vaste koste**, wat waardevermindering op nuwe motorwaarde (BTW ingesluit), rente, omvattende versekering en lisensiegelde insluit.

Twee: Die **lopende koste** wat die prys van brandstof, bande, onderdele, herstelwerk, versienings, smering, was en poleer insluit.

Drie: Die voertuigtoelae is gebaseer op die beleidsbeginsel dat die toelae voorsiening maak vir ’n **doelmatige** voertuig, waarmee ampspligte uitgevoer kan word.

5.1.2 Aan alle gemeente-predikante behoort die vaste koste-komponent betaal te word en daar kan dan differensiasie ten opsigte van die lopende koste-komponent wees.

5.1.3 ***Met hierdie beginselstandpunt wil die ATF ’n riglyn daarstel, wat buigsaam genoeg is om almal te akkommodeer***.

5.2 **Berekening van die voertuig- en vervoertoelae**

5.2.1 Die vaste koste het effens verhoog, terwyl die loopkoste effens verminder het. Die effek hiervan is dat die bedrag wat aanbeveel word onveranderd is. Dieselfde berekeninge as vir 2010/2011 kan ook vir 2011/2012 gebruik word, naamlik

Die vaste koste komponent vir al die gemeente-predikante is R54 900,00 per jaar.

Die lopende koste word op 125,0 sent per kilometer vasgestel.

5.3 **Bepaling van die aantal kilometers**

5.3.1 Afhangende van omstandighede, kan die aantal kilometers per jaar wat deur die Kerkraad vergoed word, verskil. Die reistoelae wat deur verskillende gemeentes betaal word, sal derhalwe ook verskil.

5.3.2 Die volgende berekeninge is voorbeelde hiervan.

12 000 km x 125c = R15 000 + vaste koste R54 900

= R69 400 per jaar

18 000 km x 125cc = R22 500 + vaste koste R54 900

= R77 400 per jaar

24 000 km x 125c = R30 000 + vaste koste R54 900

= R84 900 per jaar

5.3.3 Die gemiddelde aantal kilometers vir ’n gemeentepredikant word steeds as 18 000 kilometer per jaar geag. Kerkrade wat van mening is dat dit ’n realistiese syfer vir hul gemeente is, bepaal die voertuig- en vervoertoelae as R77 400 per jaar.

5.3.4 Kerkrade wat van mening is dat hulle predikant(e) minder of meer as die gemiddelde 18 000 kilometer per jaar ry, kan die volgende prosedure volg:

5.3.5 Die Finansiële Kommissie/Diensverhoudingkommissie en die predikant(e) onderhandel oor ’n billike gemiddelde aantal kilometers, wat vir die gemeente sal geld. Belangrike dokumente in hierdie gesprek, is die predikant se logboek en/of sy/haar inkomstebelasting opgawe van die vorige jaar.

5.3.6 Indien die Kerkraad en die predikant(e) nie ’n ooreenkoms kan bereik nie, word die hulp van die Finansiële Kommissie van die Ring ingeroep. Dié Kommissie se besluit sal vir die gemeente geldig wees.

5.4 **Reiskoste - vergaderings**

Die Algemene Sinode Taakspan Fondse het besluit dat die reiskoste vir die bywoon van vergaderings van die Algemene Sinode en Diensgroepe/Taakspanne vir 2011/2012 gehandhaaf word op:

5.4.1 **R2,00 per km vir ontvangers van ’n voertuig- en vervoertoelae**

5.4.2 **Alle persone wat nie self die vaste koste komponent ontvang nie, ontvang R2,40 per kilometer vir vergaderings van die Algemene Sinode en Diensgroepe/Taakspanne van die Algemene Sinode.**

5.5 **Inkomstebelasting op bykomende reiskoste**

Waar die eiser ’n vaste toelae ontvang, asook vervoertoelae per kilometer **van dieselfde werkgewer**, is die bykomende reiskoste belasbaar. Die volgende reëling geld tans: Die belasting word nie met die uitbetaal van die bykomende reiskoste afgetrek nie. Dit word bloot op die IRP 5 of IT 3(a) verklaar.

6. ANDER TOELAES

6.1 Behuisingsvoordeel

Die riglyn waarvolgens behuisingstoelaes bereken word, is dat die toelae vergelykbaar behoort te wees met die voorsiening van gratis huisvesting (soos deur die partye onderhandel). Dit vorm deel van die TKVI pakket. Sinodes handel egter volgens hulle eie besluite in hierdie verband.

6.2 Pensioen en groepsversekeringbydraes

Pensioenbydraes (kontribusies) en bydraes tot groepversekeringpremies word, in ooreenstemming met die betrokke Fondsreëls betaal, as deel van die riglyn TKVI. Die bedrae word deur die Trustees op aanbeveling van die konsulterende Aktuaris vasgestel en deur die administrateurs van die betrokke Fonds aan die werkgewers deurgegee.

6.3 Mediese premie-subsidie

Die werkgewer aanvaar gewoonlik verantwoordelikheid vir ’n gedeelte van die lid se premie aan die mediese skema. Na aanleiding van die Sinode se riglyne word hierdie verantwoordelikheid in die dienskontrak deur die werkgewer bepaal.

6.4 Amptelike uitgawes

Amptelike uitgawes soos onthaal-, rekenaar-, boeke-, telefoon- en derglike kostes, behoort per faktuur deur die werknemer van die werkgewer teruggeëis word, òf direk deur die werkgewer vereffen te word.

7. WERKLOOSHEIDSVERSEKERING

7.1 Die werkgewer sowel as die werknemer, betaal elk maandeliks 1% van die bruto besoldiging as werkloosheidsversekering aan die SAID. Die bydrae word tans beperk tot ’n maksimum van R124,78 (elk) per maand.

7.2 Bruto besoldiging word bepaal, soos vir die berekening van LBS voor die aftrekking van toelaatbare bydraes vir pensioen- en uittredingannuïteitsfondse en mediesefonds bydraes.

7.3 Werkgewers moet steeds op hoogte van die statutêre bepalinge bly. Hierdie tariewe word periodiek aangepas. Hou gerus die Staatskoerant daarvoor dop.

7.4 Werkgewers is verplig om binne sewe dae na die einde van ’n maand enige verandering in die verdienste van werknemers, sowel as nuwe aanstellings of diensbeëindigings wat plaasgevind het, aan die Werkloosheid-versekeringkommissaris deur te gee.

8. **ONGEVALLEVERSEKERING**

8.1 Enige personeellid, waarmee daar ’n diensooreenkoms bestaan, moet by die Kommissaris vir Beroepsbeserings en –siektes verseker word. Onder diensooreenkoms word ’n ooreenkoms verstaan, wat voldoen aan die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

8.2 In gevalle waar daar nie ’n diensooreenkoms bestaan nie, kan die versekering onder die gemeente se korttermynversekering uitgeneem word.

8.3 Daar is steeds sommige kantore van die Kommissaris wat oordeel dat die diensooreenkoms met die leraar en orrelis nie voldoen aan die Wet nie. Dit word egter aanbeveel dat gemeentes met die plaaslike kantoor in gesprek tree om te bepaal wat hulle standpunt is. Die veiligste is om die leraar en orrelis wel by die Kommissaris te verseker.

9. **DIENSKONTRAKTE VIR WERKNEMERS (PREDIKANTE EN ANDER PERSONEEL) VAN DIE NG KERK**

9.1 Die Bestuursgids (praktiese handleiding) vir Diensverhoudinge is op die Algemene Sinode se webwerf beskikbaar en kan deur gemeentes geraadpleeg word.

9.2 Ten opsigte van Tentmakers moet kerkrade kennis neem van die besluite van die Algemene Sinode. (Kerkorde 2007, bladsy 109 vir die Reglement vir Tentmakers).

10. **BETALING VAN BELASTING**

10.1 **Persone in die buiteland (veral sendelinge)**

10.1.1 Die beginsels wat hier ter sprake is, is baie duidelik:

Een: Die Inkomstebelastingwet geld vir alle belastingpligtiges en daar is nie uitsonderings vir sendelinge nie.

Twee: Indien die belastingpligtige ’n werknemer is, is dit sy werkgewer se verantwoordelikheid om LBS te vorder en oor te betaal.

Drie: Indien die belastingpligtige nie ’n werknemer is nie, is dit sy eie verantwoordelikheid om sy inkomste by SAID te verklaar.

10.2 **Algemene advies**

Predikante word aangemoedig om aan die begin van ’n jaar ’n belastingkundige te raadpleeg ter wille van die strukturering van hulle pakkette.

Vriendelike groete



DS JPA BRINK
VOORSITTER: SINODALE FONDSE KOMMISSIE